

Ons bid Christus om God met ons te wees en nie vir ons die afgod te wees wat ons van Hom maak nie

ds. PJ Kriel

Geloofsgehoorsaamheid 20

27.01.2019

Inhoud Hierdie preek verduidelik die gebed: “Lei ons nie in versoeking nie” of “Laat ons nie in versoeking kom nie.” Ons vra met hierdie bede nie dat God sal ophou om ons uit te lok om sonde te doen nie, nie sondige gedagtes, gevoelens of begeertes in ons te laat op kom nie of om ons te help deur ons van weg te hou van plekke waar ons sondige gevoelens, gedagtes of begeertes kan kry nie. Met hierdie bede vra ons Christus om altyd God met ons te wees soos Hy God vir ons is en nooit te besluit om vir ons God te wees soos Hy vir goddeloses om is nie: om vir hulle die afgod te wees wat hulle van Hom in hul verstand, hart en gees maak. Ons vra die Here om ons nie te los en aan die god wie ons Hom maak in ons hart, verstand en gees oor te gee nie. Ons vra die Here om altyd vir ons God te wees soos Hy God is.

Skriflesing Mat. 6: 13 en Mat. 28: 16 – 20; Jesaja 44: 18 – 20; Romeine 1: 18 – 28.
Teks Mat. 6:13 “En laat ons nie in versoeking kom nie.”

Tema Ons bid Christus om God met ons te wees en nie vir ons die afgod te wees wat ons van Hom maak nie

1. Ek wil vanoggend graag weer voortgaan met die prediking oor die “Ons Vader” waarmee ons einde verlede besig was. Ons moet nog kyk na die laaste bede: En laat ons nie in versoeking kom nie, maar red ons van die Bose. Vanoggend gaan ons eers net kyk na die eerste gedeelte van hierdie bede: En laat ons nie in versoeking kom nie.

In die bede net voor hierdie een vra ons God om die sonde wat ons reeds gedoen het te vergewe. Hierdie bede gaan oor die sondes wat ons nog wil doen maar nog nie gedoen het nie.

Die vreemde van hierdie bede is dat dit ’n versoek is tot God oor wat Hy nie met ons moet doen nie. Dit is nie ’n bede oor wat ons nie moet doen nie. God moet ons nie in versoeking lei of laat kom nie. Die 1953 vertaling vertaal dit as “En lei ons nie in versoeking nie”. In hierdie bede is dit duidelik dat God die een is wat ons nie in die versoeking moet lei nie. Die 1983 en die Nuwe Direkte Vertaling het dit dan só vertaal: “Laat ons nie in versoeking kom nie.” Dit klink anders maar dit bly nog steeds iets wat God nie met ons moet doen nie, nie iets wat ons nie moet doen nie.

2. Hierdie gebed in die “Ons Vader” is eintlik oop vir baie misverstand in die manier waarop gewone mense ons oor sondes en versoekings dink. Want hierdie sin klink en lyk so asof dit God is wat mense uitlok om sonde te doen.

In hierdie tyd waarin die Here vir sy dissipels die “Ons Vader” leer bid het, was dit werklik hoe mense in hulle afgodsdienste hulle afgode gesien het. Hulle afgode was vir hulle hierdie wrede magtige gode wat met hulle kat-en-muis-speletjies gespeel het

Ons bid Christus om God met ons te wees en nie vir ons die afgod te wees wat ons van Hom maak nie

waarin hulle die mense uitgelok het om sondes te doen. Deur hulle tot sondes uit te lok het hierdie afgode dan mense se lewensgeleenthede en toekoms vernietig sommer net vir hulle eie vermaak as gode.

Daarom lyk dit op die oog af of Jesus se dissipels Hom ook moet bid om nie met hulle hierdie wrede kat-en-muis-speletjie te speel waarin die Here jou uitlok om sonde te doen nie. Die mooi weergawe van hierdie wreedheid van God word vandag baie keer deur geestelikes voorgehou as 'n toets van liefde en gehoorsaamheid. God sou volgens hulle waanbeelde jou dan uitlok om sonde te doen, as 'n toets of jou Hom regtig lief het en sy gehoorsame kind wil wees. Dit is sommer nonsens.

Daarom het die vertalers weg beweeg van die vertaling “lei ons nie in versoeking nie” met die vertaling “laat ons nie in versoeking kom nie.” Hierdie gebed sou dan nou beteken dat die Here keer dat jy nie deur jou eie sondes versoek word nie.

3. Verstaan ons dit só, sit ons met die volgende probleem: dan bid ons God mos eintlik dat Hy sal keer dat ons nie sondige gedagtes, gevoelens en begeertes sal kry nie, waardeur ons in versoeking sal kom om sonde te doen.

Vir wie het God hierdie gebed al ooit waargemaak, dat Hy keer dat jy sondige gedagtes dink, sondige gevoelens voel en sondige begeertes kry?

Daar is vandag regtig sulke snaakse geestelike mense wat glo dat hulle soveel goddelike krag in hulle lewe het, dat hulle al minder en minder sondige gedagtes, gevoelens en begeertes kry, en dat hulle een of ander tyd hier op aarde regtig dit nie meer sal kry nie. Dit is ook sommer net geestelike nonsens.

Martin Luther het al oor hierdie probleem die stelling gemaak dat jy nie kan keer dat 'n voël oor jou kop vlieg nie, maar dat jy kan keer dat daardie voël nie op jou kop kan nes maak nie. God se verlossing keer nie dat ons sondige gedagtes kry, sondige gevoelens voel of nie sondige begeertes kry nie.

Hierdie gebed is nie 'n gebed dat God sondige gedagtes, gevoelens en begeertes in ons moet keer sodat dit nie in ons opkom nie. Dit sou beteken dat ons altyd hierdie gebed moet bid maar dit God dit nooit beantwoord nie

4. Die laaste verkeerde opvatting oor hierdie gebed is dan dat die Here ons moet help sodat ons onself nie in versoeking bring nie. Dit is amper dan iets soos die bewoording “Laat ons nie in versoeking kom nie”, bedoelende laat ons onself nie in versoeking bring met die sondige gedagtes, gevoelens en begeertes wat in ons opkom nie.

Ons bid Christus om God met ons te wees en nie vir ons die afgod te wees wat ons van Hom maak nie

Dan kry dit amper die betekenis die Here moet ons weghou van plekke en geleenthede waar ons deur ons eie sondige gedagtes, gevoelens en begeertes versoek sal word om sondes te doen.

Dit kan egter nooit die betekenis van hierdie bede wees nie. Want in hierdie gebed bid ons nie oor wie God óns sal laat wees nie, maar oor wie Hý sal wees. Hierdie gebed is en bly 'n gebed tot God oor hoe Hy God is en vir ons God sal wees. Dit is nie 'n gebed oor onself en hoe ons sal wees met God se hulp nie.

Ons bid God dat Hy nooit so sal God wees dat Hy ons sonde sal laat doen nie! Dit is totaal 'n ander gebed as om God te vra om ons te help dat ons nie onself in versoeking sal laat kom nie, om ons nie uit te lof om sonde te doen nie of om ons sondige gedagtes en gevoelens weg te vat. Daarom moet ons in die Bybel ontdek hoe kan God die God wees wat mense sonde laat doen as 'n besluit wat Hy neem!

5. Kom ons kyk na 'n voorbeeld oor hoe ons sonde doen op so 'n wyse dat ons hierdie gebed moet bid!

Die voorbeeld gaan oor klein kindertjies van so twee of drie jaar. Die kinders! Het julle al gesien wat doen hierdie kleintjies wanneer pa of ma vir hulle sê hulle moet nie die blompot op die tafel vat, hulle moet nie die mooi lappies op die tafeltjies aftrek nie, hulle mag nie die honde se ore byt of die kat se stert trek nie?

Hulle vries dadelik as hulle hierdie opdrag hoor, gaan staan stil en kyk na pa of ma net so vinnig. En dan gebeur daar 'n baie belangrike ding. Hulle kyk weg en staan so bietjie met sulke oë wat leeg lyk en so kyk asof hulle sommer so in die niet staar.

En na hulle hierdie veraf kyk gekry het, doen hulle presies wat pa en ma vir hulle gesê het hulle nie moet doen nie, terwyl hulle lag en oulik speel.

Hoe kry hulle dit reg om reg voor pa of ma te staan, en terwyl pa en ma vir hulle kyk, vrolik en oulik presies net te doen wat hulle verbied is om te doen? Die groot geheim is daardie vinnige wegkyk en vêr kyk met sulke leë oë wat skielik niks meer sien nie.

6. Raai wat doen hulle met hierdie wegkyk en vêr kyk in hulle gedagtes, hart en begeertes met pa en ma! As hulle wegkyk dan glo hulle pa en ma is nou weg uit die kamer. Met hulle wegkyk vat hulle pa en ma weg uit die kamer uit. Met daardie leë oë wat niks sien nie, as hulle so ver kyk, maak hulle 'n nuwe pa en ma in hulle harte, gedagtes en begeertes wat nooit vir hulle sal sê hulle mag nie die blompot vat, die lappies aftrek of die diere seermaak nie. Vir hierdie nuwe ouers in hulle hart en gedagtes is, kan hulle nou vrolik en oulik doen wat hulle verbied was.

Ons bid Christus om God met ons te wees en nie vir ons die afgod te wees wat ons van Hom maak nie

Met hulle wegkyk en vêr kyk, maak hulle hul regte ouers afwesig en maak hulle in hulle self vir hulle ander ouers wat nie só met hulle praat nie. Daarom stap hulle dan so voor pa en ma en doen presies wat hulle verbied is voor pa en ma! Want in hulle gedagtes, gevoelens en begeertes is hulle weg en die nuwes wat nou in hul hart en gevoelens is, verbied hulle niks nie. Vir hierdie nuwe ouers in hulle harte en gedagtes is hulle oulike kinders! Hulle is nie meer regte ouers se stoute kinders nie!

7. Dit is presies hoe Paulus in Romeine 1 verse 18 tot 32 beskryf hoe mense sonde doen! Mense doen sonde soos kleintjies wat wegkyk en vêr kyk. Hulle doen sonde omdat hulle glo die regte Skepper is weg en die nuwe god in hul hart en gedagtes verbied hulle niks en wys hulle ook niks wat om te doen nie.

Kom ons kyk hoe hierdie voorbeeld Romeine 1 vir ons duidelik maak! Paulus is in hierdie hoofstuk besig om Jesaja 44 te verduidelik waar mense God afwesig maak met die gode wat hulle in hul harte en gedagtes vir hulle self opmaak. Hulle maak die regte Skepper afwesig met afgode waarin hulle hul self met hul sonde kan identifiseer as God se oulike kinders.

7.1 Paulus sê wat 'n mens van God kan wet was immers binne hulle bereik: uit die skepping kan 'n mens sien dat God Almagtig is en waarlik God is. Rom. 1: 19 Dit is soos daardie kleintjie wat vinnig na sy pa of ma kyk, en sien wie sê hulle moenie, is hulle regte pa en ma wat vir hulle sorg.

7.2 Dan sê Paulus dat mense wat sien Hy is God, gee Hom nie eer en dank vir wie Hy as God is nie. Rom. 1: 21. Dit is wat daardie kleintjie doen na hy vinnig na sy pa of ma gekyk het wat nee gesê het, hy kyk weg. Met hierdie wegkyk onteem hy hulle die eer en dank as teenwoordige ouers en maak hy asof hulle nie saam met hom is nie.

7.3 Dan sê Paulus dat mense in die plek van God wat hulle maak asof Hy weg is, beelde stel wat lyk soos mense of soos voëls of diere of slange. Rom. 1: 23 Dit is daardie veraf kyk waarmee 'n kleintjie met sulke leë oë staan en kyk! Hy maak in sy hart en verstand beelde van 'n ander pa en ma wat nie vir hom "nee" sê nie. Hierdie beelde maak beteken om jou eie god volgens sou eie gedagtes op te maak en hierdie god in jou hart en gedagtes as die regte God te glo

7.4 Dan sê Paulus dat mense verruil die regte God wat regtig saam met hulle is vir hierdie beeld wat hulle van God in hulle hart opgemaak het wat nie regtig is nie, wat 'n leuen is, en dan luister hulle na hierdie God wat in hulle harte opgemaak is en nie na die regte God nie. Dit is hoekom daardie seuntjie dan voor sy regte pa en ma wat by hom staan loop en doen wat hulle voor "nee" gesê het, want hy luister nou na die pa en ma in sy hart, wat nooit vir hom "nee" sal sê nie.

Ons bid Christus om God met ons te wees en nie vir ons die afgod te wees wat ons van Hom maak nie

Dit is hoe mense hul sonde doen. Hulle doen dit omdat hulle na die God luister wat in hul gedagte en hart is, terwyl hulle maak asof die regte God nie meer by hulle is nie. En terwyl hulle nou presies net doen wat god hulle verbied dink hulle dat hulle nou God se oulike kinders is. Daarom stel Paulus dat ander ook saam met hulle hierdie verkeerde goed laat doen asof hulle god se oulike kinders is. Rom. 1: 32

8. Dan sê Paulus iets verskrikliks oor wat God met sulke mense doen en wat God met mense doen wat Hom as Skepper probeer wegvat met die god in hul harte en gedagtes. Wat Paulus hier wys wat God met sulke mense doen, is die sleutel vir die gebed: “Lei ons of laat ons nie in die versoeking kom nie.”

Wat met hierdie mense gebeur, is nie sommer maar iets wat hulle voel en dink God doen nie. God doen dit regtig met hulle: God gee hulle oor aan die drange van hul hart Rom. 1: 24 en Hy gee hulle oor aan hulle verdraaide opvattinge, omdat hulle maak asof Hy weg is en die god in hul harte nou sy plek gevat het. Rom. 1: 28 In Esegïel 14 verse 3 tot 9 wys die profeet wat doen God. Hy word vir mense wat Hom afwesig maak met die god van hul hart en verstand, die god wat hulle opmaak. Die Here stel dit so in vers 9: “En as ’n profeet hom dan laat verlei om iets te sê, is dit Ek die Here wat hom verlei het, maar tog sal Ek my hand uitsteek teen hom en hom tussen my volk Israel verdelg.” Die los hulle om te glo Hy is nou meer regte God nie en Hy is vir hulle nou maar die god wat hulle in hul hart en verstand opmaak.

Wat is hierdie verskriklike ding wat God met sulke mense doen, om mense aan hulle verdraaide opvattinge oor te gee? Kom ons kyk weer na ons voorbeeld! Dit is soos ’n pa en ma wat vir ’n kind sê hy moenie met die beker kookwater se koord trek nie of hy moenie naby die vuur kom waar die kole op die grond lê nie.

As ’n kleintjie dan wegkyk en verkyk, sy ouers wegmaak en sy eie nuwe ouers in sy hart maak wat nie vir hom vertel wat om te doen nie, en hy trek die koord met kookwater of stap na die kole op die grond, wat maak regte ouers?

Regte ouers gryp so kleintjie, ruk hom weg van die gevaar en gee hom nog ’n paar houe ook omdat hy nie geluister het nie. As ’n ouer besluit hy gaan die kleintjie los dat hy maar glo in sy opgemaakte ouers en maar seerkry en verbrand, dan het so ouer hierdie kind aan sy eie verdraaide opvatting oorgegee. Hulle het eintlik besluit hierdie is nie my kind nie, ek gaan hom los om te doen wat sy opgemaakte ouers vir hom sê – niks nie!

Só ’n ouer het besluit om vir sy kind die afwesige ouer te wees en aan ’n opgemaakte ouer in die kind se hart en kop oor te gee wat nie regtig bestaan nie.

Dit is wat God doen met mense wie nie sy kinders is nie, en vinnig na Hom kyk en dan wegkyk en net luister na die opgemaakte gode in hulle harte en koppe! Hy los

Ons bid Christus om God met ons te wees en nie vir ons die afgod te wees wat ons van Hom maak nie

hulle om hulle self met hulle sondige gedagtes, gevoelens en begeertes stukkend te brand! En dit is die sleutel vir die gebed “Laat ons nie in versoeking kom nie”. Met hierdie gebed vra om Jesus Christus as Here om onself nie aan die god wat ons in ons hart en verstand opmaak oor te gee nie.

9. Kom ons kyk nou weer na die gebed: “Lei ons nie of laat ons nie in die versoeking kom nie.” Wat vra ons die Here in hierdie gebed?

Ons vra die Here dat Hy nooit vir ons die God sal wees wat ons in ons gedagtes en harte opmaak nie, maar altyd vir ons God sal wees soos Hy regtig die Skepper van hemel en aarde is en God met ons is. Ons vra die Here om nie die God van ons hart en gedagtes te wees nie, maar die God wat Hy regtig vir sy kinders is! God wat regtig God is, laat sy kinders nie doen wat hulle voel of dink nie, maar ruk hulle weg, maak hulle veilig en tug hulle soos kinders se ouers hul pak gee omdat hulle amper in die kole getrap het.

Die profeet Hosea in die Ou Testament beskryf wie God regtig vir sy regte kinders is en wat Hy met hulle doen wanneer hulle van Hom wegkyk en in hul gedagtes en harte vir hulle nuwe gode opmaak wat niks sê, as hulle sommer net wil doen waarvoor hulle lus is en in hulle gedagtes opkom!

“Daarom gaan Ek haar pad versper met doringtakke en haar afkamp sodat sy nie haar planne kan uitvoer nie, en as sy haar minnaars opsoek, en hulle nie raakloop nie, hulle soek en nie kry nie, sal sy dalk sê: “Ek sal na my eie man toe teruggaan want ek was hy hom beter versor as nou.” Hosea 2:5.

Volgens ons voorbeeld werk dit dan só!

Wat doen jy met 'n twee driejarige kind wat jou wegkyk en met sy nuwe ouers in sy hart voor jou doen wat jy sê hy nie moet doen nie? Jy keer hom, tel hom op en sit hom in 'n speelraam sodat hy nie kan doen waarvoor hy lus is en in sy gedagtes opkom nie!

Dit is wat Christus doen wat regtig God met ons is. Hy gee ons nie oor aan die god van ons hart en gedagtes nie. Hy versper ons pad in hierdie gedagtes, gevoelens en begeertes omdat Hy regtig God met ons is en ons nie aan die god van ons hart en gedagtes oorgee nie.

10. Só! Wat ons bid wanneer ons tot Christus wat God met ons is bid dat Hy ons nie in die versoeking moet inlei, waar Hy ons oorgee aan die god van ons hart en gedagtes nie, is dit die inhoud en bedoeling van die gebed: Here moet ons asseblief nie los nie!

Ons bid Christus om God met ons te wees en nie vir ons die afgod te wees wat ons van Hom maak nie

- Moet ons asseblief nie los as ons U in ons lewe wegkyk en maak asof U nie meer God met ons nie.
- Moet ons asseblief nie los as ons ver kyk en van U 'n ander beeld in ons hart en gedagtes maak as wie U regtig saam met ons is nie.
- Moet ons asseblief nie uitlos om voor U verby u te loop en ons sonde te gaan doen terwyl U staan en niks doen nie.
- Gryp ons, tel ons op, versper ons pad en sluit ons toe wanneer ons van U wegkyk en met 'n ver kyk van U die god van ons sondige gedagtes en gevoelens maak.
- Moet asseblief nie die afgod van ons gedagtes en gevoelens en begeertes wees, wat ons in ons versoekings inlei en niks sê en niks doen nie. Moet asseblief nie vir ons die afgod wees wat ons van U maak nie, wees vir ons die God wie u in U self vir ons is.

11. Dit is die ontdekking wat ons vanoggend in hierdie bedede wat die Here leer moet maak! Jesus Christus is nie die god van ons gedagtes en gevoelens en begeertes nie. Hy is nie die god wat ons vir ons self opmaak in ons verstand, hart en gees nie. Hy is regtig die Skepper wat God met ons in sy sorg en liefde is.

Hoekom is hierdie gebed so vreemd vir ons en bid ons dit eintlik nooit vir onself nie: gryp ons, tel ons op, versper ons pad en sluit ons toe wanneer ons van U wegkyk en met 'n ver kyk van U afwesig maak en van U die afgod van ons sondige gedagtes en gevoelens maak?

Want ons word van kleinsaf geleer dat ons moet bid dat God in ons hart en lewe moet inkom. Van kleinsaf word ons deur geestelikes geleer dat jy verlos word en 'n kind van God word wanneer jy God in jou lewe innooi om God binne in jou hart, jou gedagtes en gees te kom word. Van kleinsaf word ons geleer dat God wat regtig God is buite ons, is net 'n ver en afwesige God. Hy word eers regtig God wanneer Hy die god van ons hart, ons verstand en gees word. En dit word hy eers wanneer jy Hom uitnooi en innooi om dit te doen!

12. Hoe bid 'n mens tot hierdie God binne in jou gedagtes en gevoelens om jou nie in die versoeking te lei of te laat kom nie?

Jy kan nie tot hierdie god in jou hart en verstand so 'n gebed bid nie. Hierdie is nie die God wat jou gaan gryp, optel, jou pad gaan versper, jou gaan pak gee en jou gaan toesluit vir die sondes wat jy wil gaan dien nie. Want hy is sommer net die god wat jy in jou hart en gedagtes opgemaak het.

Ons bid Christus om God met ons te wees en nie vir ons die afgod te wees wat ons van Hom maak nie

Kyk hoe beskryf die profeet Jesaja hoe jy vir hierdie opgemaakte god in jou hart en gedagtes niks kan vra wanneer jy sonde wil doen of besig is om 'n sonde te gaan doen nie: "Iemand wat hom met as besig hou, laat hom mislei deur sy eie verdraaide opvatting. Hy kan homself nie red nie, hy vra homself nie af: "Is dit nie 'n leuen waarmee ek besig is nie."

God sal jou in die versoeking laat kom of in lei wanneer Hy besluit Hy gee jou oor aan hierdie god wat jy in jou hart en gedagtes opgemaak het, wat nooit vir jou iets sal sê of niks met jou sal doen, wanneer jy op pad is om sonde te gaan doen nie.

Dink maar aan die voorbeeld! Die kinders! Daardie nuwe pa en ma wat 'n kleintjie in sy hart en gedagtes opgemaak het omdat hy nie na sy regte pa en ma wil luiters nie, kan daardie nuwe ouers in sy hart ooit keer dat hy verkeerd doen deur hom te gryp, in sy pad te staan, hom pak te gee en toe te sluit? Nee, dit is nie wie sy opgemaakte ouers is of doen nie. Die ouers van sy hart en gedagtes is juis die ouers wat hom lei om wat verkeerd is te doen asof dit oulik, goed en reg is.

Jy kan nooit tot die god wat jy in jou lewe ingenooi het en opgemaak het, bid om jou nie in versoeking te lei nie. Dit is juis die god wat jy in jou hart en gedagtes opmaak sodat hy die god kan wees wat jou in die versoeking lei om nie God die Skepper wat God met jou is, raak te sien nie. Dit is juis die god wat die Here wat jou nie in hierdie versoeking lei nie, nie meer raak te sien of te hoor wat hy sê nie.

13. Wie is Jesus Christus tot wie ons bid? Die god van ons hart en gedagtes of Hy wat self die Skepper is en deur sy heilswerk God met ons is! Deur sy verlossing ons nooit sal los wanneer ons Hom probeer afwesig maak met die god van ons hart nie!

Hy is God met ons! Hy gaan ons vir die sondes wat ons wil doen, vasgryp, in ons pad staan, ons pad versper en ons nooit aan die god van ons hart sal oorgee nie. Daarom sê die profeet Jesaja net in die volgende vers: dink hieraan Jakob, dink hieraan Israel, want jy is my dienaar. Ek het jou gemaak, jy is my dienaar. Ek sal jou nooit verlaat nie. Jes. 44:21

Daarom kan ons tot die Here bid, lei ons nie in die versoeking soos die god van ons hart nie, wees God vir ons God soos u regtig God is en weerhou ons om sonde as ons liefde vir God uit te leef. Here, laat ons nie deur die god van ons hart gelei word nie, lei U wat regtig God met ons is, ons in U liefde! Gryp ons, tel ons op, staan in ons pad en versper ons pad, gee ons pak en sluit ons toe vir die sondes wat ons wil gaan doen!